DEEL 116 | WEEK 22 | 31 MEI 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Ikoniese Bonsmara-kenner gegroet

Die Bonsmara-gemeenskap het 'n groot verlies gely met die heengaan van Pieter Booysen, die stoetbestuurder van Sernick se Bonsmara-kudde. Pieter, wat op 23 Mei oorlede is ná 'n stryd teen kanker, was 'n geliefde figuur in die landboukringe. Hy het in 1982 aan Hoërskool Heilbron gematrikuleer en het sy lewe gewy aan die verbetering en bevordering van die Bonsmara-ras. Pieter se begrafnisdiens het plaasgevind op 28 Mei vanuit die AP Kerk Heilbron en hy is te ruste gelê op die familieplaas, Alpha.

Nick Serfontein, stigter van Sernick, het in sy huldeblyk gesê dat Pieter 'n integrale deel van die Sernick-familie en die Bonsmara-gemeenskap was. "Hy was 'n gerespekteerde senior keurder, mentor, raadgewer, ambassadeur, beeskenner en 'n man van integriteit. Pieter se nederigheid en kennis van beeste was ongeëwenaard," het Serfontein gesê.

Louis Steyl, hoofbestuurder van Bonsmara SA, het Pieter beskryf as 'n vriend en 'n onvervangbare pilaar in die Bonsmara-bedryf. "Hy was 'n senior keurder en het gereeld veilings bygewoon en keuring oor die hele land gedoen. Sy nederige teenwoordigheid en diepgaande kennis van genetika en teelwaardes het hom 'n uitsonderlike stockman gemaak."

Dr. Japie van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Stamboek, het Pieter as een van die skerpste nagraadse studente beskryf met wie hy ooit gewerk het. "Hy het die groter prentjie gesien en die konteks in detail toegepas. Sy manier van omgaan met ander was altyd verrykend."

Die Sernick-groep se Facebookblad was oorstroom met huldeblyke van swart boere en Bonsmara-stoettelers uit Botswana wat Pieter as 'n mentor, vaderfiguur en vriend beskryf het.

Pieter laat sy vrou, Antoinette, en drie kinders, Clarissa, Joey en Pieter, agter. "Rus in vrede, my vriend. Ons sal mooi kyk na die bome wat jy geplant het en na jou beeste wat jy vertroetel het," het Nick Serfontein sy huldeblyk afgesluit. Pieter Booysen se nalatenskap sal lank voortleef in die Bonsmara-gemeenskap, en sy bydraes tot die bedryf sal altyd onthou word.













# UIT DIE PEN:



## Week 22

Ek dink julle ken daardie moeggevoel wat jou aan die einde van die jaar bekruip. Dis daardie een wat jy dink jou gaan oorweldig. Jy belowe almal dat, sodra jou verlof aanbreek, jy die hele dag lank in die bed gaan bly. Of sommer twee dae.

Robert het saam met my skoolgehou by die Oos-Vrystaatse skool. In doerie jare kon daar nog in die personeelkamer gerook word. Ek en Robert het langs mekaar in die hoek gesit. Ongelukkig die hoek waarop die skoolhoof uitkyk wanneer hy die personeelkamer inkom en afkondigings maak. Elke keer wanneer iemand in die moeilikheid was, het hy in ons rigting gekyk. Nie omdat ons skuldig was nie, maar omdat ons reguit voor hom gesit het.

Robert het ook elke oggend die Volksblad gekry. Dan sit hy dit en lees, sigaret in die hand, totdat die skoolhoof opdaag. Partykeer wou hy skinder, dan vat ek die een kant van die koerant en hy die ander kant. Ons giggel dan heerlik agter die koerant.

Robert was snaaks wanneer hy dronk was. Maar nog snaakser wanneer hy nugter was. Ons het altyd heerlik vir mekaar gelag.

Aan die einde van die kwartaal sou Robert dan vertel dat hy vir ’n week in die bed gaan bly, net omdat dit vakansie is. “Met ’n potjie Prep op die laaikassie vir ingeval ek bedsere kry.” Hy was redelik ernstig daaroor.

Laat ek jou nou een ding vertel: Geen mens kan vir langer as ’n dag plat in die bed lê nie. Dis onmoontlik. Ek het dit probeer en dit werk nie. Veral as die opsies uitgeput is. Ek is ’n regtersyslaper. Vir die eerste week kon ek net op my rug lê sodat Die Standbeeld (my gegipsde been) nie skeef lê nie. Die Standbeeld lê op ’n groot kussing. Want die storie moet hoog wees. (Jammer ek was nie “hoog” gedurende die afgelope drie weke nie…)

Wat gedoen met my ander been: onder die kussing of bo-op die kussing? So baie keuses. Ek kan ook nie die duvet oor Die Standbeeld gooi nie, want dit is te swaar. Daarvoor het ek ’n dun kombersie.

O, wee. Wanneer ek op my rug lê, vou ek my hande oor my bors saam soos ’n mummie. Dan begin die naalde en spelde in my elmboë. My boude raak dood (en voel heelwat kleiner). Dis nie duisend jaar nie, dan moet ek myself omdraai want alles begin kriewel. Die omdraai vind in paaiemente plaas.

Eers die duvet afhaal. Dan Die Standbeeld handgedrewe na die regterkant draai. Daarna moet die gesonde voet gedraai word op die kussing wat tussen die knieë vasgeknyp word. Ek begin dan met die oefening om my diagonale maagspiere te oefen: skuins op sodat ek die sagte kombersie oor my voete te trek. Dan strek ek na die regterkant toe (hou, maagspiere, hou) om die duvet oor die res van my lyf te trek.

Nou begin ek myself regskuif en seker maak dat die hele Standbeeld op die kussing rus. Ek kom agter dat die kussing te kort is. Weer op (maagspiere nou in blokkies) om die kussing diagonal te draai. Linkerbeen onder die kussing, regterbeen bo-op die kussing. Nou waar laat ek my hande lê?

Keuses, keuses, keuses.

Ek het hierdie week weer kantoor toe gekom. Almal het kom groet en kom kyk hoe Die Standbeeld in die werklike lewe lyk. Maar hoe het ek tot hier gekom?

Goeie man het my met die rolstoel by die werk kom aflaai. Skootrekenaar en krukke op my skoot. Hy met ’n klein kassie en twee kussings sodat Die Standbeeld hoog kan rus. En ’n mandjie met kos: lemoene, appels, stukkie droëwors, ’n lekkertjie en beskuit (hoe gaan ek alles op een dag opeet, wonder ek?)

Ons het net nie rooi driehoeke, sirenes en blou ligte gehad nie.

Nou kom ek agter dat die gebou waarin ek werk nie regtig rolstoelvriendelik is nie. Daar is ’n oprit tot by die voordeur, maar ’n klein trappie van so 1,5 cm hoog by die voordeur. Net genoeg dat jy nie sonder hulp daar kan opry nie.

Die badkamer is groot, maar daar is geen handvatsel teen die kant waaraan ek kan vashou nie. Die toilet is effens laer as die ene waaraan ek gewoond is. (Ek wonder of dié goed ’n standaardhoogte het?) Ek is so bang ek staan op, hang aan die wasbak en land met die wasbak op my skoot en ek op my agterent.

Die konferensielokaal waar ons vergadering hou het ’n groter trappie en ons bedryfshoof moes my en my rolstoel oor die trappie dra. (Ek is seker een van die min mense wat hy al ooit oor die drumpel moes dra.) Tot groot vreugde van die hele vergadering. Dit het ons sommer in ’n meer gemoedelike luim geplaas.

Ek wonder vandag hoe permanente rolstoelers hierdie daaglikse uitdagings hanteer? Ek dink aan iemand soos Ernst van Dyk, ’n rolstoel-atleet, wat rekords opstel met sy aangepaste rolstoel. Dis vir my net eenvoudig verbysterend dat mense bo hulle uitdagings uitstyg.

Ek kry myself nog soms effens jammer. Wat ek nie eintlik moet doen nie, want my beperking is net tydelik in vergelyking met permanente rolstoelers.

Ek wens net ek kan weer op my regtersy slaap. Ek wens ek kan vir Robert sê dat niemand willens en wetens gaan bly lê totdat hy bedsere kry nie. Ek wens ek kan met Ernst van Dyk bladskud. Ek wens ek kry my tone beweeg soos wat die ortopeed gesê het ek moet oefen.

En ek wens daar was ’n handreëling by die toilet.

# Engo vier Kinder-beskermingsweek

• *Alda Fourie*

Engo is 'n nie-winsgewende en nie-regeringswelsynsorganisasie wat in die Vrystaat werksaam is en sorg en berading verskaf aan kinders, gesinne, bejaardes, gestremdes en pasiënte in nood.

Engo

Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng




Die eerste Engo-dienste het reeds in 1902, net na die Anglo Boereoorlog, begin. Die CTK Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bethlehem, Gedenk Kinder- en Jeugsorgsentrum in Ladybrand en die Winburg Kinder- en Jeugsorgsentrum is die oudste dienste van Engo.

Engo is die tweede grootste liefdadigheidsorganisasie van sy soort in SA en die grootste in die Vrystaat. Engo doen ongelooflike werk in gemeenskappe oor alle rasse, kulture en ouderdomme heen. Meer as 200 000 lewens word elke jaar deur Engo geraak.

Engo funksioneer volgens spesifieke kernwaardes. Hierdie waardes is Moed, Uitnemendheid, Eerlikheid, Integriteit, Sorg en Empatie. Ons skep ewige hoop en streef daarna om 'n verskil te maak in die lewens van mense wat deur Engo bedien word.

Engo bestaan uit ses subprogramme wat dienste aan verskillende sektore van die gemeenskap lewer. Hierdie subprogramme is, Kinder- en Jeugsorgsentrums, Gesinsorg, Aannemings, Hospitaalsorg, Bejaardesorg en Persone met Gestremdhede. In Heilbron het ons die Ringerstraat Kinder- en Jeugsorgsentrum waar 12 kinders versorg word asook ‘n Gesinsorgkantoor wat in die gemeenskap werksaam is.

Ons vier van 29 Mei – 5 Junie Kinderbeskermingsweek. Elke kind het die reg om versorg te word. Daar is baie mites oor kinders en wat ons waarneem van kinders.

Mite: Die meeste kinders soek hulp en vertel volwassenes van mishandeling

Feit: Die meeste kinders word deur die oortreder gedreig om nie te vertel nie, so hulle doen dit nie. Vir diegene wat dit wel vir 'n volwassene vertel, word hulle dikwels uitgeskel en nie geglo nie. So hou hulle die geheim. Vals verslae is baie skaars – soveel as 96% is geldig. Kinders het nie die kognitiewe vermoë om stories van mishandeling op te maak, wat nie werklik is nie. So die beste ding wat jy vir 'n kind kan sê, is ek glo jou.

Mite: Kinders word geviktimiseer deur grillerige, psigopatiese vreemdelinge

Feit: Volgens navorsing is ± 95% van oortreders bekend, vertrou en dikwels verwant aan slagoffers. Kinders word dikwels deur een of albei ouers mishandel. Ander oortreders wat aan die slagoffer bekend is, sluit dikwels familievriende, dagsorgverskaffers, pleegouers en onderwysers in. Kinders word nie net deur vreemdelinge mishandel nie. Oortreders vorm dikwels verhoudings met die slagoffer en die familie voor mishandeling. Kenmerkende gedrag kan spesiale aandag, uitstappies enn geskenke insluit.

Hoe kan ek my kind beskerm?

• Ken die tekens, wees waaksaam. Dit is ons taak om kinders veilig te hou.

• Praat met jou kind oor liggaamsveiligheid en skep veiligheidsreëls.

• Ken jou kind en merk veranderinge in gedrag op.

• Hou 'n oop verhouding met jou kind en skep 'n ruimte waar hulle veilig voel om oor moeilike dinge te gesels.

• Luister altyd na jou kind en glo hulle.

Vir meer inligting oor Engo, besoek gerus die webblad by www.engo.co.za of stuur ‘n epos na info@engo.co.za

# Fynproewersete se kerrie-eet-aand



Die Heilbron Fynproewers het Vrydagaand, 24 Mei bymekaar gekom vir die groot Kerrie-eet-aand.

Die tafels het gekreun onder al die smaaklike Kerrie-geregte wat 38 lede en gaste voorberei het. Daar was kerriefrikkadelle, samoosas, Bombay aartappels, kerrie-skaapskenkels, botter hoenderkerrie, tamatie en uie slaai, beeskerrie goulash, Vrystaat bunny chow met blikkiesbrood, kerriegroente, kerrievis, sawwe hoender, raita en naan brode. Twee interessante Indiëse nageregte naamlik, klapper-kondensmelk ladoons en 'n Indiëse lemoen-nagereg het die kerrie in die mond mooi afgerond. Die volgende byeenkoms sal in Augustus plaasvind en die tema is "Retro". Dit beloof om weereens 'n feestelike aand te wees.



*Op die foto agter: Wolter en Liaani Bennink, Marina en Connie van Niekerk, Danie en Susan Bornman, Anet en Gideon Malherbe, Jeff en Nonna Roos. Voor: Julia Bester, Willie en Christien Cronje en Willem Bester.*

# Hoërskool Heilbron se Wintersportdag

## 'n Onvergeetlike fees

Hop, hop spinnekop, die bal het in die gat gehop. Saterdag, 25 Mei, het Hoërskool Heilbron hul jaarlikse wintersportdag aangebied, en dit was 'n dag vol opwinding. Met agt skole en 1800 leerders wat mekaar uitgedaag het in rugby en netbal, was die kompetisie intens en die geesdrif hoog.

Die ondersteuners het die dag spesiaal gemaak deur langs die velde te staan en hul kinders aan te moedig om hul beste te gee. Dit was 'n dag van samehorigheid, met skole wat mekaar ondersteun en ouers wat saamgespan het om 'n onvergeetlike geleentheid te skep.

Die ouerkomitee het gesorg vir heerlike eet- en drinkgoed om die honger mae te versadig en droë kele te laaf. VKB het 'n splinternuwe trekker uitgestal, wat groot belangstelling gelok het; hulle het ook die skool se splinternuwe paalbeskermings geborg. Daar was ook 'n opwindende prys op die spel, waar een gelukkige persoon die kans gestaan het om 'n lam te wen. Al wat persone moes doen was om na die bemarkingstalletjie van die skool te gaan, 'n raaiskoot te waag oor die gewig van die Simbra-bul, dit deur te gee, en duim vas te hou. Die gelukkige wenner van die lam was Jennifer Strydom van Laerskool Republiek, wat die bul se gewig van 760kg reggeraai het."

Hoërskool Heilbron is uiters dankbaar vir almal wat teenwoordig was en die dag so spesiaal gemaak het. Die skool hoop om volgende jaar nog 'n groter en beter wintersportdag aan te bied. Dankie aan almal wat deelgeneem het en bygedra het tot die sukses van die dag!

Foto erkenning: André Pretorius Fotografie, Elsabé Muller en Hilde Roos.












# Inspirasie Resepte



Pasch du Plooy

GIN COOLERS

One of our signature drinks.
Preparation time: 15 minutes
Serving: Makes 1 drink

**Elderflower and citrus gin cocktail**

**Ingredients for the Gin Cocktail**
50 ml De Vry dry gin
25 ml Elderflower cordial
75 ml Orange juice
100 ml Indian tonic
Aromatic bitters

**Method for the Gin cocktail**
Fill a tall wine glass with ice. Pour over the gin and elderflower cordial, use a stir stick and mix the gin well. Now add your orange juice and top up with tonic water. Add 5 drops of bitters over the top and garnish with citrus.








# Ongeluk op Heilbron-Sasolpad eis lewe van padwerker



*Donderdagoggend het 'n tragiese ongeluk plaasgevind toe die wiel van 'n swaarvoertuig gebars het op Heilbron-Sasolburg pad. 'n Amarok-bakkie wat vermoedelik aan die kontrakteur behoort het, was op die sypaadjie geparkeer. Met die bars van die wiel het 'n padwerker agter die Amarok gaan skuiling soek om uit die pad van die trok te kom. Ongelukkig het die trokdrywer beheer verloor, en die trok het in die Amarok vasgery waar die vrou skuiling gesoek het. Die vrou is op die toneel oorlede. Die polisie en owerhede is na die toneel ontbied, en die saak word verder ondersoek.*

**These Public Notices are based on the original public notice which was published in the Sowetan of 24 May 2024**

RAND WATER

Tel: +27 (0)11 682 0911
Physical address:
522 Impala Rd
Dikolo Section, Johannesburg South, 2058

**KENNISGEWING VAN VOORNEME OM GROOTMAAT VOORSIENING VAN DRINK WATER TE VERMINDER: NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

Ngwathe-munisipaliteit (**"die munisipaliteit"**) het 'n grondwetlike plig om basiese water- en sanitasiedienste (**"waterdienste"**) aan sy inwoners te verskaf. Om hierdie verpligting na te kom, het die Munisipaliteit die Grootmaat Watervoorsieningskontrak (**"BWSC"**) met Rand Water aangegaan vir die verskaffing van grootmaat drinkbare waterdienste in ruil vir betaling.

Die Munisipaliteit worstel reeds sedert 2019 om sy waterrekening te vereffen, en gevolglik is die Munisipaliteit tans die bedrag van **R 65 587 928.13 aan Rand Water verskuldig, wat reeds op 30 Maart 2024 betaalbaar was.**

Die Munisipaliteit se voortdurende mislukking om betaling aan Rand Water te maak vir die grootmaat waterdiensteskuld is 'n volslae oortreding van die relevante bepalings van die BWSC soos ondersteun deur die bepalings van artikel 33(1)(d) van die Waterdienswet 108 van 1997 ("die WSA"). Hierdie skuld bedreig die funksionele en institusionele integriteit van Rand Water, en plaas Rand Water se vermoë om grootmaat waterdienste verskaffing op 'n finansieel volhoubare grondslag aan te bied, in gevaar.

Ingevolge die toepaslike bepalings van die BWSC en artikel 4 van die WSA, is Rand Water gemagtig om grootmaat watervoorsieningsdienste te verminder in gevalle waar die Munisipaliteit in gebrek bly om aan BWSC se bepalings en voorwaardes vir betaling te voldoen, asook faal daarin om voldoende bewys te lewer van sy onvermoë om vir waterdienste te betaal.

Die voortdurende pogings van Rand Water om die gelde wat deur die Munisipaliteit verskuldig is, te verhaal, het misluk en Rand Water het die Munisipaliteit in kennis gestel van sy voorneme om sy wetgewende en kontraktuele magte uit te oefen om grootmaat drinkwaterdienste met 20% te verminder na 30 dae van hierdie kennisgewing.

Alle lede van die publiek wat moontlik wesenlik en nadelig geraak mag word deur die vermindering van die verskaffing van die grootmaatwaterdienste aan die Munisipaliteit, word hiermee in kennis gestel van Rand Water se voorneme om die verskaffing van grootmaat drinkwaterdienste aan die Munisipaliteit te verminder.

Hierdie vermindering beëindig nie watervoorsieningsdienste in sy geheel nie, maar beperk slegs die grootmaat watervoorsiening met 20% wat die Munisipaliteit met 80% laat, wat Rand Water tereg glo die Munisipaliteit nog steeds in staat sal stel om deurlopende voorsiening van waterdienste aan sy inwoners te handhaaf. Benewens hierdie Openbare Kennisgewing, sal u Munisipaliteit openbare deelname prosesse inisieer om te verseker dat skriftelike vertoë van u direk, as eindverbruikers, ingewin kan word oor hoe u glo die 80% van die water wat van Rand Water ontvang word, geprioritiseer behoort te word om die impak op kwesbare verbruikers (bv. skole, ouetehuise, hospitale, ens.) te minimaliseer.

Rand Water se beplande optrede word genoodsaak, ten einde die Munisipaliteit aanspreeklik te hou om sy grondwetlike en statutêre verpligtinge na te kom, verdere eskalasie van die waterdiensteskuld te voorkom en Rand Water se likiditeit en vermoë om sy eie verpligtinge na te kom, te verbeter, alles met die oog op die bevordering van nasionale belang, ten einde volhoubaarheid van waterdienstevoorsiening te verseker.

Lede van die publiek word ook aangeraai om toepaslike wetlike stappe teen die Munisipaliteit te neem om die beplande optrede af te weer en hul belange te beskerm.

**Soos vervat in artikel 4(3) van die Wet op Openbare Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000, nooi Rand Water hiermee alle geaffekteerde lede van die publiek uit om skriftelike vertoë, kommentaar en/of voorleggings in te dien wat aandui waarom Rand Water moet, of nie moet, voortgaan met die beoogde vermindering van waterdienste.**

Die volgende dorpe/munisipale gebiede sal deur die beoogde vermindering geraak word:

| *NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT / GEAFFEKTEERDE DORPE / VOORSIENINGSPUNTE* |
| --- |
| Alle dorpe, voorstede en townships van die Munisipaliteit se voorsieningsgebied. |

Openbare vertoë, voorleggings en/of kommentaar moet ingedien word by:

**RAND WATERGROEP REGSDIENSTE**
Fisiese adres: Impalaweg 522, Glenvista
Posadres: Posbus 1127, Johannesburg 2000
E-posadres: customerservice@randwater.co.za en sbxulu@randwater.co.za

**Die sluitingsdatum vir openbare vertoë, voorleggings en/of kommentaar sal einde van die 30ste kalenderdag vanaf datum van uitreiking wees.**

Neem asseblief kennis dat kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, nie oorweeg sal word nie.

Sodanige openbare vertoë, voorleggings en/of kommentaar sal deur Rand Water oorweeg word, en sy finale besluit **sal binne 7 dae na die sluitingsdatum** in 'n kennisgewing gepubliseer word.

Lede van die publiek word ingelig oor hul reg en kan, sou hulle so verkies, die beslissing van Rand Water in die hof te betwis deur dit op hersiening te neem.

Verwysingsnommer: **NLM01/2024 Kennisgewing**

Uitgereik ingevolge artikel 4 (1)(b) en (3) van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, (Wet 3 van 2000).



# Carol dankbaar vir 'n tweede kans

"Nie almal wat in 'n botsing met 'n trok betrokke is, oorleef nie. Ek is gelukkig en glo vas dat Jesus 'n groot plan vir my het." Dit is die woorde van Carol Germishuizen wat na vyf weke in die hospitaal uiteindelik weer tuis is, maar die pad na herstel is steeds vol uitdagings. Carol se lewe het omtrent 'n maand gelede 'n dramatiese wending geneem toe sy en 'n vriend in 'n ernstige motorongeluk op die Heilbron-Deneysville pad betrokke was. Die twee was vroeër by 'n 21ste verjaarsdagpartytjie waarna hulle later die aand op pad Leeuplaas toe in 'n botsing met 'n swaar voertuig betrokke was. Die omstandighede van die ongeluk is steeds onduidelik, maar dit het daartoe gelei dat beide uit die Jeep geslinger is. Die bestuurder van die Jeep is saam met die bestuurdersstoel uit die voertuig geslinger. Owerhede en paramedici is dadelik na die toneel ontbied om hulp te verleen. Carol is naby die voorwiel aan die passasierskant van die voertuig gevind, en hulle het op die toneel vermoed dat sy 'n ernstige besering aan haar bors en haar onderlyf het. Beide is na Tokollo-hospitaal geneem vir behandeling. Tot Carol se geluk, was haar beserings nie so ernstig as wat aanvanklik gedink is nie. Sy is om drie-uur die oggend na Kroonstad oorgeplaas en die volgende dag na Pelonomi-hospitaal in Bloemfontein, waar dokters vasgestel het dat sy haar regterbeen op drie plekke gebreek het. Sy het ook haar bekkenbeen gebreek, wat haar heup ontwrig het, asook haar blaas wat gebars het. Sy het 'n operasie aan haar been ondergaan om 'n pen in die been te sit. Na komplikasies is sy na die Universitas-hospitaal in Bloemfontein oorgeplaas. Daar het dokters ontdek dat die wond aan haar been infeksie opgedoen het en die vel begin doodgaan het. Carol is verder emosioneel uitgedaag toe sy verneem dat daar drie behandelingsopsies was, waarvan die laaste opsie amputasie was indien die vel nie herstel nie. Na 'n lang behandeling met baie antibiotika en intensiewe sorg, het Carol se wond uiteindelik genees en 'n veloorplanting is suksesvol uitgevoer. Sy is dankbaar vir haar tweede kans in die lewe. Carol is uiteindelik weer tuis, maar word steeds geteister deur nagmerries oor die ongeluk. Sy is egter diep dankbaar vir haar lewe en deel graag haar raad met ander: "Bestuur asseblief versigtig en dra altyd jou veiligheidsgordel. Ons is bevoorreg om te lewe, maar dinge kon soveel erger gewees het." Sy waardeer elke persoon wat vir haar gebid het. Met 'n hart vol dankbaarheid en 'n nuwe lewenslus, staan Carol sterker as ooit tevore, gereed om elke nuwe dag voluit aan te pak.

# Begroting met onwettige tekort "deurgehaas"

Die nuwe munisipale begroting is verlede Vrydagoggend tydens 'n kort elektroniese vergadering inderhaas goedgekeur. Die opposisie, gelei deur die DA, het daarteen gestem. DA-raadslede was ontevrede omdat hul nie kans vir bespreking gegun is nie. "Dis asof die ANC-raadslede nie kon wag om voort te gaan met verkiesing veg nie," sê Raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor munisipale finansies. Tenspyte van hul protes het speaker Mopedi die begroting kragtens "'n tegnikaliteit" sonder bespreking laat deurdruk, en die vergadering is binne minder as 'n uur afgehandel.

Die DA-koukus beskou die haas as 'n toonbeeld van swak finansiële oorsig. "Dit nogal in 'n munisipaliteit wat jaar na jaar verder wegsak in 'n finansiële moeras."

Die nuwe begroting tree op 1 Julie in werking. Tariewe styg deurgaans met 4,9%, behalwe die kragtarief wat, onderhewig aan goedkeuring deur NERSA, met 12,7% mag toeneem. Totale bedryfuitgawes word begroot om te styg na bykans R1.1 miljard, maar totale bedryfsinkomste sal dit nie dek nie. Dit laat 'n begrotingstekort van R54m.

"Hierdie begrotingstekort is nie alleen onwettig nie, maar dit skep probleme soos deurlopende kontanttekorte," sê Rdl Schoonwinkel aan Herald. Hy sê dit beteken verskaffers word nie betyds betaal nie - wat rentekostes en uiteindelik aankooppryse verhoog. Dit bemoeilik verder instandhouding en herstel van toerusting en aanlegte (sodat dit gedurig breek, wat op sy beurt diensverskaffing belemmer) en laat min oor vir beter en nuwe toerusting.

Hy sê 'n groot oorsaak van Ngwathe se toenemende geldkrisis is die munisipaliteit se lae invorderingskoers. "Ngwathe samel tans maar 30-40% van sy diensteheffings in, terwyl dit 90-95% is in goedbestuurde munisipaliteite." Hy sê daar is geen duidelike omkeerplan om hierdie probleem reg te stel nie.

"Ons vra gereeld vir 'n omvattende Finansiële Herstelplan, en dan stem die ANC met ons saam, maar niks gebeur nie," sê Rdl Schoonwinkel.

"Ons sal nietemin aanhou veg daarvoor, want dit is Ngwathe se grootste en sterkste reddingsboei."

# Ontvang Jojo tenk



*Die skoolhoof van Sandersville Gekombineerde skool, Mev RD Ruiters en die voorsitter van die Beheerliggaam, Mr JM Minnies, spreek hul dank uit aan raadslid De Jager vir die skenking van die Jojo tenks. Die skool moes telkemale leerders vroeg verdaag omdat die skool nie water gehad het vir die gebruik van drinkwater nie, asook in die badkamers. Die skool is opreg dankbaar vir die groot skenking.*


RAND WATER

Tel: +27 (0)11 682 0911
Physical address:
522 Impala Rd
Dikole Section, Johannesburg South, 2058

**NOTICE OF INTENTION TO REDUCE BULK POTABLE WATER SUPPLY SERVICES: NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**

The Ngwathe Local Municipality (**"the Municipality"**) has a constitutional obligation to provide basic water and sanitation services (**"water services"**) to its residents. To discharge this obligation, the Municipality entered into the Bulk Water Supply Contract (**"BWSC"**) with Rand Water for the provision of bulk potable water services in exchange for payment.

The Municipality has been struggling to service its water account since September 2022, as a result the Municipality is currently indebted to Rand Water in the amount of **R 65 587 928.13 was due and payable on 30 March 2024.**

The Municipality's continuous failure to make payment to Rand Water for the bulk water services debt is an outright breach of the relevant provisions of the BWSC as supported by the provisions of section 33(1)(d) of the Water Service Act 108 of 1997 ("the WSA"). This debt threats the functional and institutional integrity of Rand Water and places in jeopardy Rand Water's ability to provide bulk water services supply on a financially sustainable basis.

In terms of the relevant provisions of the BWSC and section 4 of the WSA, Rand Water is authorized to reduce bulk water supply services when the Municipality fails to comply with BWSC's terms and conditions for payment as well as fails to give sufficient evidence of its inability to pay for water services.

The continuous efforts of Rand Water to recover the monies owed by the Municipality have failed and Rand Water has notified the Municipality of its intention to exercise its legislative and contractual powers to reduce/limit bulk potable water services by 20% after 30 days of this notice. All members of the public who are likely to be materially and adversely affected by its reduction in the supply of the bulk water services to the Municipality are hereby notified of Rand Water's intention to reduce the supply of bulk potable water services to the Municipality.

This reduction does not completely terminate water supply services, but only limit the bulk water supply with 20% leaving the Municipality with 80% which Rand Water justly believes that the Municipality will still be able to maintain continuous supply of water services to its residents. In addition to this Public Notice, your Municipality will initiate public participation processes to ensure that written representation from your direct end users on how the 80% of the water received from Rand Water will be prioritized to minimize the impact to vulnerable members (schools, old age homes, hospitals, etc.).

Rand Water's planned action is necessary to hold the Municipality accountable to discharge its constitutional and statutory duties, prevent further escalation of the water services debt and enhance Rand Water's liquidity and ability to discharge its own obligations, all with the goal of protecting the national interest in the sustainability of water services supply.

Members of the public are also advised to take appropriate lawful steps against the Municipality to avert the planned action and protect their interests.

**As contemplated in section 4(3) of the Public Administrative Justice Act, 3 of 2000, Rand Water hereby invites all affected members of the public to submit written representations, comments and/or submissions indicating why Rand Water should or should not proceed with the contemplated reduction of water services.**

The following towns/municipal areas shall be affected by the contemplated reduction

| ***NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY / AFFECTED TOWNS / POINTS OF SUPPLY*** |
|---|
| All towns, suburbs and townships of the Municipality's area of supply. |

Public representations, submissions and/or comments should be submitted to:

**RAND WATER GROUP LEGAL SERVICES**

Physical address: 522 Impala Road, Glenvista
Postal address: P O Box 1127, Johannesburg 2000
E-mail address: customerservice@randwater.co.za and sbxulu@randwater.co.za

**The closing date for public representations, submissions and/or comments will be end of 30th calendar day from date of issue.**

Please take note that comments received after the closing date will not be considered.

Such public representations, submissions and / or comments will be considered by Rand Water, and its's final decision will be published in a notice **within 7 days after closing date.**

Members of the public are informed of their right, should they be so inclined, to challenge the decision of Rand Water in Court by taking it on review.

Reference Number: **NLM01/2024 Notice**

Issued in terms of section 4 (1)(b) and (3) of the Promotion of Administrative Justice Act, (Act 3 of 2000).


# BKB Handel in Heilbron ondersteun die gemeenskap



*Die inisiatief is geneem om een van die byna onrybare strate in die dorp te verbeter deur gruis in die gate in Watsonstraat te gooi en herstelwerk te doen vanaf Hoërskool Heilbron tot by Sampie Fronemanstraat. Hierdie verdienstelike poging dra by tot 'n beter lewenskwaliteit vir almal in die omgewing.*

# Kort jy 'n werker?



*Johannes en Joseph is dringend op soek na plaaswerk. Hulle beskik oor 'n kode 14 lisensie en 'n PDP. Kan trekker en "forklift" bestuur.*
*Kontak hulle gerus by 071 9317 015, 078 047 2669 of 073 047 2669*

# Huppel Trippel gesels oor klere van die wêreld



As mens by die Skotte se KILTS begin... deur die Japanners se Kimono's, TABI'S en GETA'S vorder tot by die Indiërs se SARI'S en die Arabiere se TULBANDE en TOP'S, het jy 'n wye draai deur die wêreld gemaak. Voeg daarby kleredrag uit die Bybel tot by tradisionele Suid Afrikaanse klere - van KISKLERE tot Xhosa en Basoetoe-klere, dan is jy beslis gewaarborg van 'n hele klomp nuwe kennis wat jy bygekry het. Al lyk dit op die oog af na "useless information", verskaf dit verseker 'n hele versameling gespreks-onderwerpe. Oor twee weke gaan die saamkuier oor boererate wat werk of wat kan lei tot heerlik saamlag omdat dit so snaaks/vreemd is. Jy is hartlik uitgenooi om te kom saamkuier. En moenie vergeet dat jy ook gratis kan kom jukskei speel en kettie skiet nie.

# Minibus stort vullis by asgate se ingang



Die vullisterrein van Heilbron was vir jare 'n oogseer, maar onlangs is die netheid van die terrein verbeter. Op 18 Mei het 'n minibus-bestuurder egter sy vullis by die ingang van die terrein gestort. Francis Moeketsi, bestuurder van Heilbron Munisipaliteit het dit gewaar. Hy het die bestuurder van die minibus oor hierdie onaanvaarbare gedrag gekonfronteer, maar dit het gelyk asof die bestuurder geen aandag aan hom geskenk het nie.

Francis is aangeraai om 'n saak by die polisie oop te maak, maar het nog nie 'n kans gehad nie. Hy verduidelik egter dat hy binnekort die saak sal aanmeld. Volgens Francis het die stasiekommissaris hom ondersteun deur die plakkers te beveel om hulle woonplek op te pak en skoon te maak. Francis en die munisipaliteit beplan om Maandag 'n behoorlike skoonmaak van die terrein te doen.

# Drie honde in traumatiese toestand na botsing



*'n Ongeluk op die Sasolburg-pad het drie honde in 'n traumatiese toestand gelaat, na die afsterwing van hulle eienaar. Hannes Visagie, 'n oud-valskermsoldaat van die weermag, was onlangs in 'n botsing betrokke wat sy lewe geëis het. Sy drie honde het die ongeluk oorleef, maar hulle het ernstige trauma opgedoen. Visagie se skaaphond was erg getraumatiseer en het na die botsing weggehardloop. Een van die honde het na bewering op die oorledene se bors gelê, wat getuig van die sterk band tussen die honde en hul eienaar. Die ongeluk het plaasgevind toe Visagie na bewering met sy Ford Ranger teen 'n plaaslike veevoer onderneming se vragmotor gebots het. 'n Boer van die Heilbron-omgewing het die drie honde aangeneem, waar hulle nou in 'n veilige en liefdevolle omgewing herstel van hul traumatiese ervaring.*

**These Public Notices are based on the original public notice which was published in the Sowetan of 24 May 2024**

RAND WATER

120

Tel: +27 (0)11 682 0911
Physical address:
522 Impala Rd
Dikole Section, Johannesburg South, 2058

## TSEBISO YA MAIKEMISETSI A HO FOKOTSA PHANO YA METSI: NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

Masepala wa Ngwathe Local Municipality **("the Municipality")** o entse setlamo sa phano e ntle ya metsi le dikgwerekgwere ho baahi ba ona. Ho nishetsa pele setlamo sena, masepala o tekenne kontraka ya Tshebeletso ya Phano ya Metsi a Lekaneng e leng **("BWSC")** ka bokgutshwanyane, le Rand Water bakeng sa ho fana ka tshebeletso ya metsi ka bongata ka phapanyetsano ya ho patala.

Masepala esale ona le mathata a ho patala mokitlane Wa metsi ho tloha ka 2019, mme seo se na kentse sekolotong sa Rand Water sa **R65,587,928.13, e neng e tlameha ho patala pele ho di 30 March 2024.**

Ho hloleha ho patala Rand Water ke masepala ona bakeng sa tshebeletso ya metsi ao a mangata, ho roba tumellano tsa kontraka ya bona le ba **BWSC**, tshehetsong ya molao section 33(1)(d) ya Water Service Act 108 ya 1997 **("the WSA")**. Sekoloto sena se tla sitisa tshebetso e phethahetseng ya Rand Water ya phano ya metsi a mangata ka Baka la mathata a di tjhelete.

Bakeng sa ditokiso tse nepahetseng tsa **BWSC** le section 4 ya **WSA**, Rand Water e dumelletsehile ho fokotsa phano ya metsi a mangata, ha masepala e hloleha ho latela melawana le dipehelo tsa BWSC ya ho patala le ho fena ka mabaka a utlwahaleng a ho hloleha ho patala ditshebeletso tsa metsi.

Ho tswella pele hwa Rand Water e leka ho fumana tjhelete eo ya sekoloto sa masepala ha Wa phathahala. Mme Rand Water e qetelletse e tsebisitse masepala ka maikemisetso a ho sebedisa matla a bona hoya ka kontrak e leng a ho fokotsa phano ya metsi ka 20% kamora matsatsi a 30 a ho ba tsebisa. Sechaba kaofela se tla anngwa ke phokotso ena ya phano ya metsi a mangata , se tsebiswa ka maikemisetso ana a Rand Water a ho fokotsa phano ya metsi masepaleng.

Phokotso ena ya metsi ha e hlalose hore metsi a keke a ba teng, empa phokotso ya metsi feela ka 20%, e tla siya masepala ka 80% eo Rand Water e dumelang hore masepala e tla kgona ho efa baahi ba bona. Tlatsetsong ya molaetsa Ona, masepala o tla qala ho mema baahi tabeng ya ho buisana ka tshebediso ya 80% ena ya metsi a tswang Rand Water ho thusa dibakeng tsa bohlokwa jwaloka (dikolo, mahao a maqheku, dipetlelo, jwalo jwalo.)

Ketso ena e reriweng ke Rand Water e bohlokwa hore masepala o nke boikarabelo ba bohlaswa ba bona, ho thibela sekoloto sena sa metsi ho nyoloha le ho sitisa Rand Water ho phetha mosebetsi Wa bona, ka tshireletso ya setjhaba hore se tswelle ho fumana ditshebeletso tsa metsi.

Baahi le bona ba kgothalletswa ho ema ka maoto kgahlanong le masepala ka ho tshireletsa ditlhoko tsa bona.

**Jwaloka ha e behwa ke molao Wa 4(3) Wa Public Administrative Justice Act, 3 ya 2000, Rand Water e mema baahi bohle ba amehang, ho romella kemedi ya bona ka mokgwa Wa ho ngola, moo ba hlakisang hore hobaneng Rand Water e sa tlameha kapa e tlameha ho tswella pele ho fokotsa phano ya metsi.**

Ditoropo tse latelang di tla angwa ke phokotso ya metsi :

| *NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY AFFECTED TOWNS / POINTS OF SUPPLY* |
| --- |
| Ditoropo kaofela, le makeishene ohle a fepelwang metsi ke masepaleng ona |

Maikutlo a baahi a ka romellwa ho:

**RAND WATER GROUP LEGAL SERVICES**
Physical address: 522 Impala Road, Glenvista
Postal address: P O Box 1127, Johannesburg 2000
E-mail address: customerservice@randwater.co.za le sbxulu@randwater.co.za

Maikutlo ana a baahi a tla amohelwa ho fihlela ha ho fela matsatsi a 30, kamora hore tsebiso ena e etswe.

Maikutlo a tla romelwa kamora ho kwalwa, a keke a shejwa.

Maikutlo ana a tla hlomphuwa ke Rand Water, mme qeto ya Rand Water e tla tsebiswa matsatsi a 7 kamora ho kwalwa.

Baahi ba tsebiswa ka ditokelo tsa bona, ha ba sa kgotsofala, ba ka phepetsa qeto eo ya Rand Water makgotleng a dinyewe hore e shebisiswe.

Reference Number: **NLM01/2024 Notice**

Ditaba tsena di tliswa ka section 4 (1)(b) le (3) ya Promotion of Administrative Justice Act, (Act 3 of 2000).

# KENNISGEWINGS

### LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (4) & (5) of the Administration of Estates Act, No 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified of from the date of publication hereof, whichever may be later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Estate Number: 7313/2021.**
Surname: **NORDJE,**
First Names: **WILLEM DANIEL JOHANNES,**
Identity Number: **490506 5021 08 7,**
Last Address: **10 ELS STREET HEILBRON,**
Full names of Surviving Spouse:
**ANNA SUSANNA NORDJE,**
Identity Number: **571119 0031 08 5.**
Magistrate's Office: **HEILBRON,**
Masters Office: **BLOEMFONTEIN.**
Advertiser Name: **MR C DA COSTA, LANGEVELDT & NEL ATTORNEYS**
**16 MBONANI MAYISELA STREET, STANDERTON**
**TEL: 017 712 5311**
**E-MAIL: akte2@nellaw.co.za,**
**REF: C da Costa/eg/3598**

### NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **BESTER**
First names: **CASPER HERMANUS**
Estate number: **606/2024**
Identity/passport number: **540906 5063 081**
Date of death: **26/12/2023**
Last address: **RAUTENBACH STREET, DISTRICT KROONSTAD, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**Advertiser Name: Cornelius & Partners Inc**
**Advertiser Address: Po Box 205/591, Heilbron, 9650**
**Advertiser E-Mail: aktesb@corven.co.za**
**Advertiser Telephone: 0588522035 Reference:**
**Date submitted: 2024/05/23**
**For publication on: 2024/05/31**

### LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **MOKONE**
First names: **MASETSOPI MONICA**
Estate number: **2755/2022**
Identity/passport number: **531124 0680 088**
Date of death: **30/01/2022**
Last address: **ERF 1311 KWAKWATSI KOPPIES**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 31 May 2024 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, KOPPIES.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE,**
**40 Church Street, Heilbron, 9650**
**Advertiser Name:**
**Cornelius & Partners Inc**
**Advertiser Address:**
**Po Box 205/591, Heilbron, 9650**
**Advertiser E-mail: aktesb@corven.co.za**
**Advertiser Telephone: 0588522035**
**Reference:**
**Date submitted: 2024/05/23**
**For publication on: 2024/05/31**

### BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van **WYLE ELSIE JOHANNA ZITZKE,** Identiteitsnommer 280310 0010 08 6, 'n weduwee, van Kerkstraat 261, Koppies, Noord-Vrystaat, Suid Afrika en wie oorlede is op 12 Februarie 2024.
**Meestersverwysingsnommer: 2863/2024/PMB**
Krediteure en Debiteure in bovermelde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae gereken vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
**COX & VENNOTE PROKUREURS**
**AGENT VAN EKSEKUTEUR**
**H/V HOOG- EN MARKSTRATE**
**POSBUS 5,**
**VRYHEID, 3100**
**(Verw: ABT van der Merwe / 06z000424)**

# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National



Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **1 Jun** | Bronnies Gholfdag |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**


**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

# FLU-VACCINE

***• Heilbron Clinic***
Available at you own clinic for free.








# HERALD Sport



# Vierhoek


Saterdag word die jaarlikse Vierhoek rolbalkragmeting gespeel. Dit vind vanjaar plaas te Potchefstroom. Die volgende streke neem deel: Riemland, Valsrivier, Goudveld en Noordwes. Spelers van Heilbron Rolbalklub wat gekies is om Valsrivier te verteenwoordig is: Edward en Sonja Muller, Bennie en Tanya Steenkamp, Johnnie Fourie, Tracy Jacobs, Ellie van Coller en Hannalie Claassen.

Gedurende die naweek het die Naudé-gesin ook hul hand met rolbal probeer en mekaar uitgedaag. Die familie het spanne gevorm en teen mekaar meegeding. Die dag was gevul met hope pret, net soos die Naudé-familie dit kan doen.

# Heilbron Ruiterklub







Die Heilbron Ruiterklub is weer op 'n galop! Die vierde maandelikse plesierrit vir 2024 is op Saterdag, 25 Mei op die plaas Bankfontein by Cobi Marais aangebied. Dankie ook aan boere soos Corrie Scheepers, Hentie Steyn en LJ Botha wat reeds ritte op hulle plase aangebied het. So kry die ruiters die geleentheid om ook die mooi van die Vrystaat hier in ons eie omgewing te bewonder en te geniet. Alle belangstellendes kan vir Louw Kruger, die rit-koördineerder by selnommer 073 625 2945 kontak indien jy belangstel om jou perd te bring en saam te kom ry of selfs 'n rit aan te bied.














BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 03 JUNIE 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 04 JUNIE 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DELMAS: EHLERSKROON BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Delmas
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

REITZ: LANGLYF & NONNIE TULI STOET
110 Beeste, 11:00, Avoca,Reitz
Kontak Francois Duminy 082528 1899

**WOENSDAG - 05 JUNIE 2024**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

BULTFONTEIN : MILNE TRUST
520 SIMBRA BEESTE
11:00,Bultfontein Veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

TRICHARDT : HIRSAW LIVESTOCK BOVELDERS PRODUKSIEVEILING
11:00,Grootvlei, Trichardt
Kontak Tielie Crawford 0823312038

**DONDERDAG - 06 JUNIE 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

STANDERTON: REUSE IMPLEMENTE VEILING NAMENS TONKIN BOERDERY
11:00, plaas Uitval, Standerton
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**VRYDAG - 07 JUNIE 2024**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071